

MOEDERGEMEENTE STELLENBOSCH

RIGLYNE VIR GEMEENSKAPSBEDIENING

DIE WOORD VAN GOD

Jes 58:7

"Is die vas wat ek wil hê nie dit nie: dat jy nie jou medemens aan sy lot oorlaat nie?"

Mat 25:40

"Vir so ver julle dit aan die geringstes van hierdie broers van my gedoen het..."

VISIE

DEELNEEM MET DEERNIS

Ons word gedring deur die liefde van Christus om 'n verskil te maak in alle aspekte van die nood van ons medemens deur dit raak te sien en te help verlig deur die betrokkenheid van ons lidmate en die aansluiting by 'n reeds bestaande netwerk van gemeenskapsbetrokkenheid.

KERNWAARDES

1. Die liefde van God en die liefde vir God is die basis van ons betrokkenheid
2. Ons besef dat ons bevoorregte mense is
3. Ons wil saamwerk met ander betrokkenes
4. Ons neem mense se gevoelens in ag as ons by nood betrokke raak
5. Ons werk saam en neem nie oor nie
6. Ons wil mense se lewenskeuses vergroot
7. Ons wil onderliggende, historiese oorsake van nood erken
8. Ons is soepel in ons benadering en bereid om te leer en te verander
9. Ons wil die hele gemeente van gemeenskapsbehoefes bewus maak
10. Ons wil 'n netwerk wees wat die betrokkenheid van Moedergemeente-lidmate fasiliteer

ONS STYL VAN BETROKKENHEID

Eerstens, neem ons in ag dat **die basis** van ons betrokkenheid by ander lê in God se betrokkenheid by ons deur Christus. Die liefde van Christus dring ons om die nood van ander ernstig op te neem en te help verlig. Dit beteken dat ons by gemeenskapsprojekte betrokke raak:

- Tot eer van die Here,
- in 'n gesindheid van afhanklikheid van die Here (biddend, beskeie en onselfsugtig),
- terwyl ons Sy liefde uitstraal in die ingesteldheid, woorde en optredes waarmee ons betrokke raak by 'n gemeenskapsprojek (met entoesiasme, 'n positiewe houding, bereidheid tot diens, eerlikheid, opregtheid, oorgawe en betroubaarheid).

Tweedens weet ons oor **onself** wanneer ons betrokke raak om die nood van ander mense (of groepe) te help verlig dat ons dikwels in 'n "bevoorregte" posisie is met middele, vermoëns of mag waaroor diegene by wie ons betrokke raak nie beskik nie; dat ons dikwels vanuit die posisie van 'n buitestaander betrokke raak;

en dat ons dikwels nie die eerstes, of die enigstes is wat iets probeer doen aan die noodsituasie nie. Dit beteken dat ons:

- Eers moet vasstel wie reeds betrokke is, en uitvind wat reeds gedoen word aan die situasie en hoekom, en waar ons die beste kan help om die bestaande aksies te ondersteun of aan te vul. Die keersy hiervan is om voortdurend in ons aksies in voeling te bly met ander wat op soortgelyke terreine werk. Netwerke, voortdurende kommunikasie en openhartige samewerking is hier die wagwoord.
- Verby ons eie agendas en oogklappe moet kyk om behoorlik te kan hoor en sien wat presies die behoeftes is waarop ons moet reageer.

Derdens hou ons in gedagte dat **diegene by wie ons betrokke raak**, mense is met hulle eie gevoelens, insigte, oortuiginge, sensitiwiteite, ideale, behoeftes, belange en prioriteite, en dat ons hieroor nie namens hulle besluite kan neem tensy daar besonder goeie redes voor bestaan nie. As ons dit misken, kan ons baie maklik die menswaardigheid skend van diegene wat ons probeer help, ons skuldig maak aan paternalisme (vir soverre ons ons eie agendas afdwing op ander), of bydra daartoe dat mense steeds die slagoffers bly van magteloosheid en afhanklikheid van ander. Dit beteken dat ons:

- Sensitief moet wees vir die mense by wie ons betrokke raak (hulle omstandighede, agtergrond, tradisies, behoeftes).
- Moet luister hoe mense self hulle behoeftes stel en voorstelle maak om dit te bevredig.
- Moet saamwerk met mense in die bepaling van behoeftes, prioriteite, oplossings en projekte, eerder as om bloot dinge vir mense te doen. Saamwerk met mense skep geleenthede vir bemagtiging; dinge doen vir mense plaas hulle in 'n posisie van afhanklikheid, of maak van hulle objekte.
- Steeds bereid moet wees om te leer van diegene by wie ons wil betrokke raak.
- Nie die verantwoordelikheid van mense kan oorneem om vir hulleself te dink en hulle eie besluite te neem nie.
- Veral kan help dat mense meer kennis en groter insig in hulle eie situasie kan verkry.
- Veral kan help dat mense oor meer aspekte van hulle lewens hulle eie besluite kan neem.

Vierdens hou ons in gedagte dat die nood wat ons wil help verlig die resultaat kan wees van strukture, tradisies, magsverhoudinge of ingesteldhede wat oor 'n baie lang tyd 'n eie momentum opgebou het, en dat enige verandering daarvan lang en stadige transformasieprosesse sal verg op politieke, sosiale, kulturele of ekonomiese vlak. Dit beteken dat:

- Ons geduld aan die dag lê, en nie moed verloor as dinge veel langer neem om te verbeter as wat ons verwag het nie.
- Ons realisme aan die dag lê aangaande dit wat ons kan bereik met ons aksies en projekte. Een mens of een organisasie kan nie alles doen nie. En dikwels kan ons niks meer doen as om die onmiddellike nood op 'n plaaslike vlak of in 'n beperkte konteks aan te spreek nie. Ons begin dus eerder klein, en bou voort op suksesse, eerder as om alles eensklaps te probeer oplos.
- Ons onderdrukkende strukture, tradisies, magsverhoudinge of ingesteldhede sal identifiseer, in die lig sal bring en deur ons kritiese solidariteit sal meewerk tot die verandering in sulke strukture, verhoudings of houdings.

Vyfdens moet ons onthou dat die projekte, aksies en organisasievorme waarmee ons begin om 'n sekere nood aan te spreek, oor tyd ondoeltreffend of uitgedien kan raak. Soos ons die noodsituasie beter leer ken, kan dit ook gebeur dat ons aanpassings sal moet maak in ons benadering of in die dinge wat ons onderneem: Dit beteken dat ons:

- Bereid moet wees om ons projekte, aksies en organisasiestrukture voortdurend aan 'n eerlike evaluasie te onderwerp, daaruit te leer, en die nodige aanpassings te maak.
- Bereid moet wees om terug te staan as dit blyk dat ander organisasies of strukture beter dienslewering kan verskaf.